**PROVINSIALE KENNISGEWING**

P.K. 18/2022 11 Februarie 2022

Western Cape Government

**DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT**

**WES-KAAPSE PROVINSIALE MUSEUMDIENS**

**BENOEMING VAN PERSONE AS KANDIDATE VIR DIE BEHEERRAAD VAN DIE BLOMBOS MUSEUM VAN ARGEOLOGIE**

Die publiek word uitgenooi om belangstellende persone wat aktief betrokke wil raak by die bestuur en aktiwiteite van die Blombos Museum van Argeologie te benoem om as vrywilligers die Premier te verteenwoordig op die Beheerraad van die Blombos Museum van Argeologie ingevolge artikel 34 van die Wes-Kaapse Wysigingswet op die Museumordonnansie (No. 2 van 2021).

Nadere besonderhede in verband met die funksies en verantwoordelikhede van lede van die Beheerraad is beskikbaar by die Wes-Kaapse Museumdiens.

Enige van die volgende drie (3) opsies kan gebruik word om benoemings in te dien:

PER POS:
John Williams
Departement van Kultuursake en Sport
Privaatsak X9067
Kaapstad
8000

AANLYNVORM:
Beskikbaar op die departement se webwerf: https://www.westerncape.gov.za/dept/cas

HANDAFLEWERING:
John Williams
Departement van Kultuursake en Sport
Protea Assuransie-gebou
Groentemarkplein
Kaapstad
8001

Tree asseblief in verbinding met mnr. John Williams by telefoonnommer 021 483 9706 of e-posadres John.Williams@westerncape.gov.za indien u enige verdere navrae het.
Die sluitingsdatum vir benoemings is 2 Maart 2022.